13.4 RAPPORT 4: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – SKAKELDEPUTATE (Art 209)

A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
B. Ds CA Jansen lewer die Rapport.
C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:288-289, 6.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Drie werkswinkels is aangebied, in Klassisse Griekwaland-Wes, Waterberg en Namibië. Klassisse Oos-Vrystaat en Noord-Vrystaat is ook besoek, waartydens inligting wat tydens werkswinkels deurgegee is, aan die afgevaardigdes van die onderskeie Klassisse meegedeel is en spesifieke sake waaroor navrae ontvang is, hanteer is.

2.2 Die belangrikste sake wat aandag moes kry, is: kerklike administrasie, kerklike vergaderings, finansiële bestuur en -administrasie, ramings, fondse, argief, kerklike eiendomme, versorging van die predikant (KO, artt 11, 13 & 20) en die GKSA Predikante Pensioenfonds. Die doel is om hulp te bied.

2.3 Die terugvoering uit die meeste kerke is baie positief omdat heelwat hulp gegee kon word en inligting deurgegee kon word.

2.4 Werkswinkels wat nog moet plaasvind:

2.4.1 Weskaap
2.4.2 Ooskaap
2.4.3 Bosveld
2.4.4 Venda

2.5 Die Deputate werk aan ‘n inligtingsboekie, wat as handleiding deur kerke gebruik kan word.

2.6 Skakelwerk: dit word voortdurend gedoen en Deputate besoek plaaslike kerke soos versoek word. Hiertydens word advies gevra en gegee oor die volgende: traktering, beroeping en beroepsbriewe, kerklike finansies, finansiële samewerking, kombinasies en –aktes, bedieningsmodelle, ens. Advies word ook per e-pos en telefonies gegee (t.w.v. kostebesparing).

2.7 Ontmoetings met Kerkrade kon tot gevolg hê dat sekere agterstallige ramings ingevorder kon word.

2.8 Die Deputate het doelwitte gestel om kerke te besoek om agterstallige ramings en kollektes in te samel.

2.9 Die Skakeldeputate wil graag meewerk in die visie van die Administratiewe Buro om diens te lewer en hierin koninkryksgerig wees. Binne die raamwerk van Sinode 2012 se besluit rakende “omkeerstrategie”, is die Skakeldeputate bereid om hulp te verleen aan kerke in die ontwikkeling van bediening ter wille van die uitbreiding van God se koninkryk.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.9 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1 Daar weer Skakeldeputate aangewys word met die volgende opdragte: Acta 2009:285–289.

3.2 Die Skakeldeputate bied hulp en advies aan op versoek van plaaslike kerke.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.